Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

UNION OF SOUTH AFRICA
UNIE VAN SUID-AFRIKA

EXTRAORDINARY BUITENGEWONE
Government Gazette
Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. CXCVIII.] PRICE 6d. PRETORIA, 18 DECEMBER / 18 DESEMBER 1959. PRYS 6d. No. 6335

## PROCLAMATION

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE LUCAS CORNELIUS STEYN, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 289, 1959.]

DATE OF COMING INTO OPERATION.—FRIENDLY SOCIETIES ACT, 1956.

Under the powers vested in me by section *fifty-three* of the Friendly Societies Act, 1956 (Act No. 25 of 1956), I hereby declare that the said Act shall come into operation on the thirty-first day of December, 1959.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Pretoria on this First day of December, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

L. C. STEYN,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

T. E. DÖNGES.

## PROKLAMASIE

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE LUCAS CORNELIUS STEYN, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 289, 1959.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING.—WET OP ONDERLINGE HULPVERENIGINGS, 1956.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-vyftig* van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956), verklaar ek hierby dat genoemde Wet op die een-en-dertigste dag van Desember 1959 in werking tree.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Pretoria, op hede die eerste dag van Desember Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

L. C. STEYN,
Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

T. E. DÖNGES.

# GOVERNMENT NOTICES.

## DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 2050.] [18 December 1959.

FRIENDLY SOCIETIES ACT, 1956.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Officer Administering the Government has, under the powers vested in him by section *forty-seven* of the Friendly Societies Act, 1956 (Act No. 25 of 1956), made the following regulations:—

REGULATIONS.

FRIENDLY SOCIETIES ACT, 1956.

In these regulations "the Act" means the Friendly Societies Act, 1956, and all terms employed herein which have been defined in the Act shall bear the meanings assigned to them in the Act.

# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 2050.] [18 Desember 1959.

WET OP ONDERLINGE HULPVERENIGINGS, 1956.

Hierby word vir algemene inligting bekend gemaak dat Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sewe-en-veertig* van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956 (Wet No. 25 van 1956), die volgende regulasies gemaak het:—

REGULASIES.

WET OP ONDERLINGE HULPVERENIGINGS, 1956.

In hierdie regulasies beteken „die Wet" die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, en alle uitdrukkings wat hierin gebesig en in die Wet omskryf word, het dieselfde betekenisse as wat in die Wet aan hulle geheg word

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



If the person managing the business of the society is required to sign any document which is to be furnished to the Registrar, such document shall be signed as prescribed in section *twenty-six* (2) of the Act.

## PART I.

### MANNER IN WHICH AND TIME WITHIN WHICH APPEALS TO THE MINISTER ARE TO BE PROSECUTED UNDER SECTION *FOUR*.

1. Every friendly society or person desiring to appeal to the Minister in terms of section *four* (3) of the Act from any decision of the Registrar, shall within one month after the pronouncement of the decision at issue, lodge a written notice of appeal with the Registrar, which shall clearly set out the decision it is desired to appeal against and the grounds for the appeal. Such notice of appeal shall be signed by the principal officer of the society (if the appeal is at the instance of a friendly society) or in the case of an appeal by an individual or partnership, by the individual or by one of the partners, as the case may be, or by his duly authorized representative. In the case of an appeal by any person who is not a natural person the notice of appeal shall be signed on behalf of such person as follows, that is to say—

(*a*) if such a person is a committee of individuals, by the person for the time being at the head of the committee;

(*b*) if such person is an association of persons, by the individual who is for the time being at the head of the board of directors or other committee controlling such association.

2. Upon receipt of the notice of appeal mentioned in regulation 1 the Registrar shall prepare a statement of the reasons for his decision. The Registrar shall despatch a copy of the statement to the appellant by registered post, and require the appellant to declare in writing within 30 days of the despatch of the statement, or within such further period as the Registrar may, upon application before the expiry of the said 30 days, approve, whether he proposes to continue with his appeal or not.

3. If the appellant declares that he does not propose to continue with his appeal or if he does not furnish the Registrar with a reply within the period prescribed in regulation 2, the appeal shall lapse.

4. If the appellant declares, within the period prescribed in regulation 2, his intention to continue with his appeal, he shall together with his declaration lodge with the Registrar a reply to the statement mentioned in regulation 2.

5. Upon receipt of the appellant's declaration and reply the Registrar shall as soon as may be transmit to the Minister—

(*a*) the notice of appeal mentioned in regulation 1;

(*b*) the statement prepared by him and mentioned in regulation 2;

(*c*) the declaration and reply mentioned in regulation 4; and

(*d*) all other relevant documents.

6. The Minister may require the appellant or the Registrar to furnish him in writing with any further or other information which he may consider necessary for a just decision on the appeal.

7. Upon receipt of the Minister's notification of his decision on the appeal the Registrar shall immediately communicate that decision to the appellant by registered post.

Indien die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur 'n dokument wat aan die Registrateur verstrek moet word, moet onderteken, moet so 'n dokument soos voorgeskryf in artikel *ses-en-twintig* (2) van die Wet onderteken word.

## DEEL I.

### WYSE WAAROP EN TYDPERK WAARIN APPÈLLE NA DIE MINISTER, INGEVOLGE ARTIKEL *VIER*, UITGEVOER MOET WORD.

1. Elke onderlinge hulpvereniging of persoon wat kragtens artikel *vier* (3) van die Wet na die Minister wil appelleer teen 'n beslissing van die Registrateur, moet binne een maand na bekendmaking van die betrokke beslissing 'n skriftelike kennisgewing van appèl by die Registrateur indien wat duidelik die beslissing waarteen geappelleer word en die gronde vir die appèl moet uiteensit. Sodanige kennisgewing van appèl moet deur die hoofbeampte van die vereniging (indien die appèl op versoek van 'n onderlinge hulpvereniging is) of in die geval van 'n appèl deur 'n individu of vennootskap, deur die individu of deur een van die vennote, na gelang van die geval, of deur sy behoorlike gemagtigde verteenwoordiger onderteken wees. In die geval van 'n appèl deur enige persoon wat nie 'n natuurlike persoon is nie, moet die kennisgewing van appèl as volg namens sodanige persoon onderteken word, te wete—

(*a*) indien sodanige persoon 'n komitee van individue is, deur die persoon wat dan aan die hoof van die komitee is;

(*b*) indien sodanige persoon 'n vereniging van persone is, deur die individu wat dan aan die hoof is van die raad van direkteure of ander komitee wat sodanige vereniging beheer.

2. By ontvangs van die kennisgewing van appèl in regulasie 1 genoem, moet die Registrateur 'n staat opstel van die redes vir sy beslissing. Die Registrateur moet 'n afskrif van die staat per aangetekende pos aan die appellant stuur en die appellant versoek om binne 30 dae na afsending van die staat, of 'n verdere tydperk wat die Registrateur op aansoek vòòr verstryking van genoemde 30 dae goedkeur, skriftelik te verklaar of hy van voorneme is om met sy appèl voort te gaan al dan nie.

3. Indien die appellant verklaar dat hy nie van voorneme is om met sy appèl voort te gaan nie of indien hy die Registrateur nie binne die tydperk in regulasie 2 voorgeskryf van 'n antwoord voorsien nie, verval die appèl.

4. Indien die appellant binne die tydperk in regulasie 2 voorgeskryf, verklaar dat hy van voorneme is om met sy appèl voort te gaan, moet hy tesame met sy verklaring 'n antwoord op die staat in regulasie 2 genoem, by die Registrateur indien.

5. By ontvangs van die appellant se verklaring en antwoord moet die Registrateur so gou doenlik aan die Minister die volgende deurstuur:—

(*a*) Die kennisgewing van appèl in regulasie 1 genoem;

(*b*) die staat deur hom opgestel en in regulasie 2 genoem;

(*c*) die verklaring en antwoord in regulasie 4 genoem; en

(*d*) alle ander toepaslike dokumente.

6. Die Minister kan die appellant of die Registrateur versoek om hom skriftelik te voorsien van enige verdere of ander inligting wat hy nodig mag ag vir 'n regverdige beoordeling van die appèl.

7. By ontvangs van die Minister se bekendmaking van sy beslissing oor die appèl, moet die Registrateur onmiddellik die beslissing per aangetekende pos aan die appellant oordra.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## PART II.

## DOCUMENTS AND PARTICULARS TO BE FURNISHED WHEN APPLYING FOR REGISTRATION UNDER SECTION *FIVE*.

### EXISTING SOCIETIES.

8. Every application for registration of a friendly society *in existence* at the date of commencement of the Act (other than any society referred to in regulation 9 or 10) shall be accompanied by—

(*a*) a letter signed by the person managing the business of the society in which—

(i) he applies for registration of the society;

(ii) is reflected the full title of the society;

(iii) is given the full address of the registered office of the society;

(iv) is given the full name and address of the person managing the business of the society;

(v) is given the name and address of the auditor of the society if the society has an auditor;

(vi) is given the full name and address of the principal officer of the society;

(*b*) *two copies* of the rules of the society *duly certified* on the first page of the text thereof by the person managing the business of the society in accordance with section *twenty-six* of the Act as being the rules in force at the date of application for registration of the society;

(*c*) if the society carries on any kind of business which in terms of its rules is subject to actuarial scrutiny—

(i) *two copies* of a certificate by a valuator to the effect that the rules are based on sound financial principles; and

(ii) *two copies* of the latest valuation report by a valuator, including particulars as to the principles applied in making such valuation: Provided that if no such valuation had been made this fact must be clearly stated.

The name, address and professional qualifications and experience of the valuator must be indicated in the certificate;

(*d*) *two copies* each of a statement of revenue and expenditure of the society for the last financial year for which accounts have been prepared, and of a balance sheet as at the end of that financial year. Where no such statement or balance sheet is available an explanation must be furnished as to why this is not available;

(*e*) *two copies* of any report or statement regarding the financial condition of the society which may have been submitted to the members of the society during the financial year referred to in (*d*) above. If no such report or statement was submitted to the members this fact must be clearly stated;

(*f*) *two copies* of a statement of assets in the form set out in Schedule B. If any of these assets are in any way encumbered particulars must be furnished;

(*g*) except where the society is an association of persons, the name of the participating employer, or if there are more than one employers a list of the names of all the employers concerned;

## DEEL II.

## DOKUMENTE EN BESONDERHEDE WAT VERSKAF MOET WORD WANNEER AANSOEK OM REGISTRASIE KRAGTENS ARTIKEL *VYF* GEDOEN WORD.

### BESTAANDE VERENIGINGS.

8. Elke aansoek om registrasie van 'n onderlinge hulpvereniging (uitgesonderd enige vereniging genoem in regulasie 9 of 10) wat op die datum van inwerkingtreding van die Wet *bestaan,* moet vergesel gaan van—

(*a*) 'n brief onderteken deur die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur, waarin—

(i) hy aansoek om registrasie van die vereniging doen;

(ii) die volle naam van die vereniging weergegee word;

(iii) die volle adres van die geregistreerde kantoor van die vereniging aangetoon word;

(iv) die volle naam en adres van die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur, aangetoon word;

(v) die naam en adres van die ouditeur van die vereniging aangetoon word, indien die vereniging 'n ouditeur het; en

(vi) die volle naam en adres van die hoofbeampte van die vereniging aangetoon word;

(*b*) *twee afskrifte* van die statute van die vereniging *behoorlik ooreenkomstig* artikel *ses-en-twintig* van die Wet deur die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur op die eerste bladsy van die teks daarvan gesertifiseer as synde die statute van krag op die datum van aansoek om registrasie van die vereniging;

(*c*) indien die vereniging enige soort besigheid dryf wat kragtens sy statute aan aktuariële ondersoek onderworpe is—

(i) *twee afskrifte* van 'n sertifikaat deur 'n waardeerder ten effekte dat die statute op gesonde finansiële beginsels gebaseer is; en

(ii) *twee afskrifte* van die jongste waardasieverslag deur 'n waardeerder, tesame met besonderhede aangaande die beginsels by die opstel van sodanige waardasie toegepas: Met dien verstande dat as sodanige waardasie nie gemaak was nie hierdie feit duidelik genoem moet word.

Die naam, adres en professionele kwalifikasies en ondervinding van die waardeerder moet in die sertifikaat aangetoon word;

(*d*) *twee afskrifte* elk van 'n opgawe van inkomste en uitgawe van die vereniging vir die laaste boekjaar waarvoor rekeninge opgemaak is en van 'n balansstaat soos aan die einde van daardie boekjaar. As geen sodanige opgawe of balansstaat beskikbaar is nie, moet 'n verduideliking waarom dit nie beskikbaar is nie, verstrek word;

(*e*) *twee afskrifte* van enige verslag of opgawe aangaande die finansiële toestand van die vereniging wat aan die lede van die vereniging gedurende die boekjaar in (*d*) hierbo genoem, voorgelê mag gewees het. As so 'n verslag of opgawe nie aan lede voorgelê is nie, moet hierdie feit duidelik gemeld word;

(*f*) *twee afskrifte* van 'n opgawe van bates in die vorm uiteengesit in Bylae B. As enige van hierdie bates op enige manier beswaar is, moet besonderhede verstrek word;

(*g*) behalwe waar die vereniging 'n vereniging van persone is, die naam van die deelnemende werkgewer, of as daar meer as een werkgewer is, 'n lys van die name van al die betrokke werkgewers;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(*h*) where a limited liability company or a co-operative society contributes to the society, *one copy* of the resolution of the directors of the company or co-operative society in terms of which the company or co-operative society participates in the society;

(*i*) the prescribed registration fee of £1, which shall *not* be paid by means of revenue or postage stamps.

EXISTING UNDERWRITTEN SOCIETIES.—SECTION *three* (2) (*b*) OF THE ACT.

9. Every application for registration of a society existing at the date of commencement of the Act which operates exclusively by means of policies of insurance, issued by a person lawfully carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act, 1943, shall be accompanied by—

(*a*) all the documents and particulars set out in paragraphs (*a*), (*b*), (*h*) and (*i*) of regulation 8;

(*b*) a certificate by the insurer concerned to the effect that—

(i) an insurance policy is maintained with it in terms of the rules of the society; and

(ii) the rules submitted by the applicant are those in force at the date of application for registration;

and may be accompanied by an application for conditional exemption from the provisions of the Act.

EXISTING STATE-CONTROLLED SOCIETIES.—SECTION *three* (2) (*c*) OF THE ACT.

10. Every application for registration of a society which claims exemption under section *three* (2) (*c*) of the Act shall be accompanied by—

(*a*) all the documents and particulars set out in regulation 8; and

(*b*) a memorandum in which is clearly set out the measure of control exercised over the society by a department of the State, including the South African Railways and Harbours Administration, any provincial administration and the Administration of the Territory.

NEW NON-UNDERWRITTEN SOCIETIES.

11. Every application for registration by a society, other than an underwritten society, established after the commencement of the Act shall be accompanied by the documents and particulars set out in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*) (i), (*h*) and (*i*) of regulation 8: Provided that a society which claims exemption under section *three* (2) (*c*) of the Act shall also furnish the particulars set out in paragraph (*b*) of regulation 10.

NEW UNDERWRITTEN SOCIETIES.

12. Every application for registration by a society established after the commencement of the Act which will operate exclusively by means of policies of insurance issued by a person lawfully carrying on insurance business within the meaning of the Insurance Act, 1943, shall be accompanied by—

(*a*) the documents and particulars set out in paragraphs (*a*), (*h*) and (*i*) of regulation 8;

(*b*) the certificate and application set out in paragraphs (*b*) and (*c*) of regulation 9; and

(*c*) a draft set of rules which is sufficiently complete to indicate the true objects of the society.

(*h*) waar 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid of 'n koöperatiewe vereniging tot die vereniging bydra, *een afskrif* van die besluit van die direkteure van die maatskappy of koöperatiewe vereniging waarkragtens die maatskappy of koöperatiewe vereniging aan die vereniging deelneem;

(*i*) die voorgeskrewe registrasiegeld van £1 wat *nie* by wyse van inkomste- of posseëls nie, betaal moet word.

BESTAANDE ONDERSKRYFDE VERENIGINGS—ARTIKEL *drie* (2) (*b*) VAN DIE WET.

9. Elke aansoek om registrasie van 'n vereniging wat bestaan op die datum van inwerkingtreding van die Wet en wat uitsluitlik sake doen by wyse van versekeringspolisse uitgereik deur 'n persoon wat wettiglik versekeringsbesigheid binne die bedoeling van die Versekeringswet, 1943, dryf, moet vergesel gaan van—

(*a*) al die dokumente en besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*), (*h*) en (*i*) van regulasie 8 uiteengesit;

(*b*) 'n sertifikaat deur die betrokke versekeraar dat—

(i) 'n versekeringspolis ooreenkomstig die statute van die vereniging by hom in stand gehou word; en

(ii) die statute deur die applikant ingedien dié is wat op die datum van die aansoek om registrasie van krag is;

en kan vergesel gaan van 'n aansoek om voorwaardelike vrystelling van die bepalings van die Wet.

BESTAANDE STAATSBEHEERDE VERENIGINGS—ARTIKEL *drie* (2) (*c*) VAN DIE WET.

10. Elke aansoek om registrasie van 'n vereniging wat op vrystelling aanspraak maak kragtens artikel *drie* (2) (*c*) van die Wet moet vergesel gaan van—

(*a*) al die dokumente en besonderhede in regulasie 8 uiteengesit; en

(*b*) 'n memorandum waarin duidelik uiteengesit word die mate van beheer wat oor die vereniging uitgeoefen word deur 'n Staatsdepartement, met inbegrip van die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie, 'n provinsiale administrasie en die Administrasie van die Gebied.

NUWE NIE-ONDERSKRYFDE VERENIGINGS.

11. Elke aansoek om registrasie deur 'n vereniging, uitgesonderd 'n onderskryfde vereniging, wat na die inwerkingtreding van die Wet ingestel word, moet vergesel gaan van die dokumente en besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*) (i), (*h*) en (*i*) van regulasie 8, uiteengesit: Met dien verstande dat 'n vereniging wat op vrystelling aanspraak maak kragtens artikel *drie* (2) (*c*) van die Wet ook die besonderhede in paragraaf (*b*) van regulasie 10 uiteengesit, moet verstrek.

NUWE ONDERSKRYFDE VERENIGINGS.

12. Elke aansoek om registrasie deur 'n vereniging wat na die inwerkingtreding van die Wet ingestel word en wat uitsluitlik sake sal doen by wyse van versekeringspolisse uitgereik deur 'n persoon wat wettiglik versekeringsbesigheid binne die bedoeling van die Versekeringswet, 1943, dryf, moet vergesel gaan van—

(*a*) die dokumente en besonderhede in paragrawe (*a*), (*h*) en (*i*) van regulasie 8 uiteengesit;

(*b*) die sertifikaat en aansoek in paragrawe (*b*) en (*c*) van regulasie 9 uiteengesit; en

(*c*) 'n stel konsepstatute wat voldoende volledig is om die ware doelstellings van die vereniging aan te dui.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## PART III.

## FINANCIAL STATEMENTS AND STATISTICS TO BE FURNISHED BY REGISTERED SOCIETIES.

13. Every registered society which has a financial year ending on a date other than the thirty-first day of December of every year, shall change its financial year so as to end on that day of each year.

14. Every registered society shall not later than the 30th day of June of every year following the year in which the society was registered, submit the following to the Registrar of Friendly Societies, Pretoria, under cover of a letter signed by the principal officer:—

(a) *Three copies* of the revenue account of the society prepared in accordance with regulation 16, if applicable, in respect of the financial year which ended on the 31st December immediately preceding.

(b) *Three copies* of the balance sheet of the society prepared in accordance with regulation 16, if applicable, as at the end of the said financial year.

(c) *Three copies* of each of Schedules A to E completed as at the end of the said financial year and prepared in accordance with regulation 16, if applicable. If any of the said Schedules are not applicable they shall not be omitted but shall be endorsed "NIL" and be submitted with the other completed Schedules.

(d) *Two copies* of any special report by the auditor relating to any of the activities of the society during the financial year to which the revenue account and balance sheet relate.

(e) *Two copies* of any other statement the society may have presented to its members or shareholders in respect of any of its activities during the said financial year.

(f) *Two copies* of any annual report the society may have presented to its members or shareholders in respect of the said financial year.

(g) Except where the society is an association of persons, *two copies* of a statement reflecting the name or names of the participating employer or employers as at the immediately preceding 31st December.

15. If no report or statement referred to in paragraph (d), (e) or (f) of regulation 14, was made or presented as provided in the applicable paragraph, that fact shall be mentioned specifically in the covering letter.

16. Where a society carries on any kind of business which in terms of its rules is subject to actuarial scrutiny and also carries on business which is not so subject, the society shall keep separate accounts in respect of the business which is so subject to actuarial scrutiny. The society shall apportion its assets between the said business and the other business not subject to actuarial scrutiny and assets thus allocated to one type of business shall not be used for the purposes of or be transferred to the other type of business without the prior approval of the Registrar.

17. The name of the society and the financial year to which the documents relate shall be stated on each sheet of paper submitted under regulation 14.

18. Every page of the documents referred to in regulation 14 shall be signed by the principal officer of the society and the final page of each document shall also be signed as prescribed in section *twenty-six* (1) of the Act.

19. The balance sheet referred to in paragraph (b) of regulation 14 shall have appended to it a report signed by the auditor of the society in such form and with such qualifications as he may deem necessary.

## DEEL III.

## FINANSIËLE STATE EN STATISTIEKE WAT DEUR GEREGISTREERDE VERENIGINGS VERSKAF MOET WORD.

13. Elke geregistreerde vereniging wat 'n boekjaar het wat eindig op 'n ander datum as die een-en-dertigste dag van Desember van elke jaar moet sy boekjaar verander sodat dit op daardie dag van elke jaar eindig.

14. Elke geregistreerde vereniging moet nie later nie as die 30ste dag van Junie van elke jaar wat volg op die jaar waarin die vereniging geregistreer is, onder dekking van 'n brief wat deur die hoofbeampte onderteken is, die volgende by die Registrateur van Onderlinge Hulpverenigings, Pretoria, indien:—

(a) *Drie afskrifte* van die inkomsterekening van die vereniging opgestel ooreenkomstig regulasie 16, indien van toepassing, ten opsigte van die boekjaar wat op die onmiddellik voorafgaande 31 Desember geëindig het.

(b) *Drie afskrifte* van die balansstaat van die vereniging soos aan die einde van genoemde boekjaar, opgestel ooreenkomstig regulasie 16, indien van toepassing.

(c) *Drie afskrifte* van elk van Bylae A tot E ingevul soos aan die einde van genoemde boekjaar en opgestel ooreenkomstig regulasie 16, indien van toepassing. Indien enigeen van genoemde bylaes nie van toepassing is nie, moet dit nie weggelaat word nie, maar moet dit „NUL" geëndosseer word en saam met die ander ingevulde bylaes ingedien word.

(d) *Twee afskrifte* van enige spesiale verslag deur die ouditeur met betrekking tot enige van die werksaamhede van die vereniging gedurende die boekjaar waarop die inkomsterekening en balansstaat betrekking het.

(e) *Twee afskrifte* van enige ander staat wat die vereniging aan sy lede of aandeelhouers mag voorgelê het ten opsigte van enige van sy werksaamhede gedurende genoemde boekjaar.

(f) *Twee afskrifte* van enige jaarverslag wat die vereniging aan sy lede of aandeelhouers mag voorgelê het ten opsigte van genoemde boekjaar.

(g) Behalwe waar die vereniging 'n vereniging van persone is, *twee afskrifte* van 'n staat wat die naam of name van die deelnemende werkgewer of werkgewers soos op die onmiddellik voorafgaande 31 Desember aantoon.

15. Indien geen verslag of staat, wat in paragraaf (d), (e) of (f) van regulasie 14 genoem word, uitgereik of voorgelê is nie, soos in die betrokke paragraaf bepaal, moet daardie feit spesifiek in die dekkende brief genoem word.

16. Waar 'n vereniging enige soort besigheid dryf wat kragtens sy statute aan aktuariële ondersoek onderworpe is en ook besigheid dryf wat nie aldus onderworpe is nie, moet die vereniging afsonderlike rekenings hou ten opsigte van die besigheid wat aldus onderworpe aan aktuariële ondersoek is. Die vereniging moet sy bates verdeel tussen genoemde besigheid en die ander besigheid wat nie onderworpe aan aktuariële ondersoek is nie en bates aldus aan een tipe besigheid toegewys mag nie sonder die voorafgaande goedkeuring van die Registrateur vir die doeleindes van die ander tipe besigheid gebruik word nie of na daardie ander tipe besigheid oorgedra word nie.

17. Die naam van die vereniging en die boekjaar waarop die dokumente betrekking het, moet op elke vel papier wat ingevolge regulasie 14 ingedien word, aangegee word.

18. Elke bladsy van die dokumente in regulasie 14 genoem, moet deur die hoofbeampte van die vereniging onderteken word en die laaste bladsy van elke dokument moet ook soos in artikel *ses-en-twintig* (1) van die Wet voorgeskryf, onderteken word.

19. Aan die balansstaat genoem in paragraaf (b) van regulasie 14 moet 'n verslag wat deur die ouditeur van die vereniging in sodanige vorm en met sodanige voorbehoude as wat hy nodig mag ag, onderteken is, geheg word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## PART IV.

## REPORTS BY VALUATOR AND STATEMENTS OF ASSETS AND LIABILITIES.

### SOCIETIES SUBJECT TO ACTUARIAL SCRUTINY.

20. (*a*) Every registered society which carries on any kind of business which in terms of its rules is subject to actuarial scrutiny, shall comply with the requirements of sections *twenty-three*, *twenty-four* and *twenty-five* of the Act.

(*b*) A registered society which has submitted a valuation report with the application for registration in accordance with section *five* (2) (*b*) of the Act and regulation 8 (*c*) (ii) may apply in terms of paragraph (*b*) of the proviso to section *twenty-three* (3) of the Act to the Registrar for a direction as to when the first valuation after registration of the society is to be made. If no such application is made, the provisions of section *twenty-three* (3) of the Act without the proviso shall apply.

### SOCIETIES NOT SUBJECT TO ACTUARIAL SCRUTINY.

21. In addition to the documents and particulars prescribed in regulation 14 every registered society carrying on business which is not subject to actuarial scrutiny shall not later than the 30th day of June of each year furnish the Registrar with the statements prescribed in sections *twenty-four* and *twenty-five* of the Act.

## PART V.

## GENERAL.

22. No registered society shall change its registered address unless the procedure prescribed in its rules for the amendment of the rule pertaining to the registered address has been followed and the amendment of the rule has been registered by the Registrar.

23. (*a*) If the society has no auditor as at the date of application for registration, an auditor shall be appointed forthwith in terms of section *eleven* of the Act and the Registrar be advised in writing within 30 days from the date the appointment is made of the name and address of the auditor so appointed.

(*b*) Whenever a registered society has appointed a new auditor, the principal officer shall within 30 days as from the date of such appointment give notice thereof in writing to the Registrar which notice shall state the name and address of the auditor and shall be accompanied by a certificate signed by the person managing the business of the society to the effect that such appointment was made in accordance with the provisions of the rules of the society.

24. (*a*) If the society has not yet appointed a principal officer as at the date of application for registration such officer shall be appointed in terms of section *ten* of the Act and the person managing the business of the society shall notify the Registrar in writing within 30 days from the date of registration of the society of the name of the person so appointed.

(*b*) If the principal officer is absent from the Union or vacates his office or is unable for any reason to discharge his duties, the society shall appoint another person as its principal officer and the person managing the business of the society shall advise the Registrar of the appointment in accordance with section *ten* (4) of the Act.

## DEEL IV.

## VERSLAE DEUR WAARDEERDER EN OPGAWES VAN BATES EN LASTE.

### VERENIGINGS ONDERWORPE AAN AKTUARIËLE ONDERSOEK.

20. (*a*) Enige geregistreerde vereniging wat enige soort besigheid dryf wat kragtens sy statute aan aktuariële ondersoek onderworpe is, moet aan die vereistes van artikels *drie-en-twintig*, *vier-en-twintig* en *vyf-en-twintig* van die Wet voldoen.

(*b*) 'n Geregistreerde vereniging wat tesame met die aansoek om registrasie ooreenkomstig artikel *vyf* (2) (*b*) van die Wet en regulasie 8 (*c*) (ii) 'n waardasieverslag ingedien het, kan by die Registrateur aansoek doen, ingevolge paragraaf (*b*) van die voorbehoudsbepaling van artikel *drie-en-twintig* (3) van die Wet, om 'n voorskrif aangaande wanneer die eerste waardasie na registrasie van die vereniging gemaak moet word. Indien geen sodanige aansoek gedoen word nie, is die bepalings van artikel *drie-en-twintig* (3) van die Wet sonder die voorbehoudsbepaling van toepassing.

### VERENIGINGS NIE ONDERWORPE AAN AKTUARIËLE ONDERSOEK NIE.

21. Elke geregistreerde vereniging wat besigheid dryf wat nie onderworpe aan aktuariële ondersoek is nie moet nie later nie as die 30ste dag van Junie van elke jaar bo en behalwe die dokumente en besonderhede in regulasie 14 voorgeskryf, die Registrateur van die state voorgeskryf in artikels *vier-en-twintig* en *vyf-en-twintig* van die Wet, voorsien.

## DEEL V.

## ALGEMEEN.

22. Geen geregistreerde vereniging kan sy geregistreerde adres verander nie, tensy die prosedure in sy statute voorgeskryf vir die wysiging van die statuut wat betrekking op die geregistreerde adres het, gevolg is en die wysiging van die statuut deur die Registrateur geregistreer is.

23. (*a*) Indien die vereniging op die datum van aansoek om registrasie geen ouditeur het nie, moet 'n ouditeur onverwyld kragtens artikel *elf* van die Wet aangestel word en die Registrateur skriftelik binne 30 dae vanaf die datum waarop die aanstelling gemaak is van die naam en adres van die ouditeur wat aldus aangestel is, in kennis gestel word.

(*b*) Wanneer 'n geregistreerde vereniging 'n nuwe ouditeur aangestel het, moet die hoofbeampte binne 30 dae na die datum van sodanige aanstelling, skriftelik kennis daarvan aan die Registrateur gee en dié kennisgewing moet die naam en adres van die ouditeur vermeld en vergesel gaan van 'n sertifikaat, wat deur die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur, onderteken is, met die strekking dat sodanige aanstelling in ooreenstemming met die bepalings van die statute van die vereniging gemaak was.

24. (*a*) Indien die vereniging op die datum van aansoek om registrasie nog nie 'n hoofbeampte aangestel het nie, moet sodanige beampte kragtens artikel *tien* van die Wet aangestel word en moet die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur die Registrateur skriftelik binne 30 dae vanaf die datum waarop die vereniging geregistreer is in kennis stel van die naam van die persoon aldus aangestel.

(*b*) Indien die hoofbeampte uit die Unie afwesig is of sy amp ontruim of om die een of ander rede nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, moet die vereniging 'n ander persoon as hoofbeampte aanstel en moet die persoon wat die besigheid van die vereniging bestuur die Registrateur ooreenkomstig artikel *tien* (4) van die Wet van die aanstelling in kennis stel.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



